
# Uit Genade

## Francois Jordaan

## Sketse: Stefni Bierman



# Uit Genade

| | |
|---|---|
| **Genesing** | **3** |
| **Epiloog: Verlossing** | **8** |
| **Bylae 1: Melaatsheid** | **12** |
| **Bylae 2: Ontwerpersgode** | **15** |
| **Bylae 3: Die mens se hunkering na God** | **16** |
| **Bibliografie** | **18** |

# Genesing

Dit is ’n volmaakte dag – een van daardie besonderse dae wanneer skoonheid tot volle wasdom kom, met ’n helderheid en intensiteit wat amper te veel is vir die menslike sintuie om in te neem. Bokant die Meer van Galilea dryf groot wolke stadig verby en gooi skadukolle op die water – wit wolke, afgeëts teen die hemelblou van die lug. Onder op die oewer lê ’n aantal visserskuite luilomerig en wag vir die nag se vangs om te begin, asof aan die slaap gesus deur die warm middagson en die ritmiese geruis van golwe oor die klippiestrand. Digterby lok ’n ligte bries die geel blomme, groen gras en sagte wingerdblare uit om deel te neem aan die tydlose dans van die natuur in ’n vrolike nabootsing van die fladderende bewegings van ’n aantal swawelstertskoenlappers – ’n kaleidoskopiese dans van afwisselende vorme, teksture en patrone.



Dit is duidelik dat die skepping besig is om in geen onduidelike terme die eer van die Skepper God, van die groot Ek Is, te verkondig. Dit is ’n stille boodskap, maar dit word só helder uitgedruk dat woorde oorbodig sou wees. Dit is oortuigend en meevoerend, ’n uitnodiging om God se rus in die Beloofde Land binne te gaan.

In die middel van ’n groen weiland sit `n eensame man onder `n stokou olyfboom met `n stam verknoets en verkwas deur tyd. Asof al sy sintuie saamgesnoer het teen die skepping se stille uitnodiging tot rus, is hy op hierdie oomblik totaal en al onbewus van die feit dat die natuur besig is om God se glorie en heerlikheid aan die wêreld bekend te maak.

Van waar hy teen die ruwe stam aanleun, kan hy sien waar die Prediker die nuuskierige skare teen die heuwel toespreek. Nou en dan, wanneer die ligte bries in sy rigting draai, bereik geïsoleerde woorde en frases sy ore ...

> *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel*[1]

Dit wil voorkom asof die Prediker besig is om Sy bes te doen om ’n boodskap van groot belang aan die skare oor te dra, daar waar hulle teen die hang van die heuwel vergader, maar oënskynlik is die

[1] Matthéüs 5:3 (1983)

boodskap besig om by die meeste van hulle verby te gaan. Hulle lyk soos die normale klomp, soekers na wondertekens en opwinding ten einde ontvlugting te vind uit die eentonigheid van ’n alledaagse, vaal bestaan.

> *Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.*[2]

Die man onder die boom glimlag wrang oor die ironie van die woorde. Vir hom is dit inderdaad ’n tyd van groot droefheid en smart. Met sy deurmekaar hare en die mondering van `n roubeklaer, wat hy volgens Joodse tradisie verplig is om te dra, is hy in werklikheid besig om oor sy eie dood te rou. Hy is ’n uitgeworpene sonder identiteit, ’n afgestorwene met wanhoop as sy enigste metgesel. Die lewe het onlangs geleer om by hom verby te gaan, op ’n afstand, asof dit hom soos ’n plaag wil vermy.

Straaltjies sweet poog  om hul weg afwaarts te vind tussen die knoppe en plooie op sy gesig terwyl ’n vlieg homself tuismaak op ’n misvormde stuk vleis wat eens sy neus was. Hy voel die ruheid van die boom waar dit teen sy rug druk. ’n Groot weemoed is besig om van hom besit te neem, soos ’n donker wolk wat ongesiens voor die son inskuif – ’n verlange na dit wat vantevore was, tesame met selfverwyt oor verlore geleenthede, berou oor al die onvanpasde dinge wat hy gedoen het en al die gepasde dinge wat hy nie gedoen het nie. Wat is die sin van die lewe? Is dit nie maar net ’n spel van verspeelde kanse nie?

Hy word tot die werklikheid teruggedwing deur die boodskap vanaf die heuwel. Die bries het permanent van rigting verander en hy kan die woorde van die Prediker nou duidelik hoor.

> *Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;*[3] *… Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?*[4] *… Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?*[5] *…Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.*[6]

Voedsel en klere is die laaste ding waaroor hy hom op hierdie oomblik kwel. Gewigtiger dinge neem tans sy gedagtes in beslag.

Daar word gesê dat melaatses mense is wat die toorn van God verdien omdat hulle die grootste van sondaars is, sondaars wat nooit vergewe kan word nie. Hy voel meteens vuil, net so vuil soos die

---

[2] Matthéüs 5:4 (Afrikaanse Ou Vertaling - AOV)

[3] Matthéüs 6:19-20 (AOV)

[4] Matthéüs 6:25 (AOV)

[5] Matthéüs 6:27 (AOV)

[6] Matthéüs 6:33-34 (AOV)

vodde wat sy hande en voete bedek. Dit voel asof die siekte aan sy liggaam selfs sy siel binnegedring het, asof dit sy hele wese besoedel.

As hy maar net kon weet wat die dag van môre vir sy gesin inhou, vir sy liefdevolle vrou en sy twee dogters, wat nou verlaag is tot die gemeenskaplike stand van weduwee, wees en vreemdeling, afhanklik van die welwillendheid van ander. Dit was reeds ’n lang tyd gelede dat die priester daardie ontsettende vonnis oor hom uitgespreek het, maar hy kan steeds die hartseer in sy vrou se oë sien net voordat hy omgedraai het om by die deur uit te stap. Dit was maar ’n beskeie huisie in ’n klein dorpie iewers tussen die heuwels van Judea, maar dit was vol warmte, liefde en vreugde. Nadat hy by die deur uitgestap het, het hy die heuwellandskap van Judea agtergelaat ten einde alle emosies op ’n afstand te kon plaas sodat dit oud kon word en vergete kon raak. Maar die emosies wou maar net nie gaan lê nie en herinneringe uit die verlede het by hom bly spook. As hy maar net weer sy vrou se hand op sy arm kon voel, of selfs maar net die aanraking van enige ander persoon ...

> *Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie. Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!*[7]

Gerugte wat selfs nie van die ore van ’n melaatse weerhou kan word nie is besig om die ronde te doen. Daar word gesê dat die Prediker iemand buitengewoon is – Elia of Jeremia, of een van die ander profete van ouds wat weer te voorskyn getree het. Daar word selfs gesê dat hy inderdaad die Messias kan wees waaroor die profete al so lank gepraat het, selfs van voordat Israel ’n nasie geword het – die Seun van Dawid wat die volk van die Romeinse juk sal verlos om hul vryheid aan hulle terug te besorg sodat hulle oor al die nasies van die wêreld kan heers. Daar word ook gesê dat die Prediker `n man van wondertekens is, dat Hy die siekes gesond maak, die blindes laat sien en selfs die dooies laat opstaan. Hy praat ook gereeld van `n koninkryk wat gevestig moet word en dat die kinders van Israel hul sondes moet bely en hul harte moet reinig ten einde hierdie koninkryk deelagtig te kan word.

As hy maar net ’n geleentheid kan vind om sy versoek tot die Prediker te rig. Hoe verlang hy tog nie daarna om ontslae te raak van hierdie siekte wat besig is om sy vlees te verteer, en daarmee saam sy waardigheid en selfs sy hele bestaan as mens nie. Hoe langer die man na die Prediker luister, hoe dieper tref die gesag en krag van Sy boodskap hom. Watter genade en gesag is daar tog nie in elke woord nie! Dit is verfrissend   Dit raak sy siel aan soos lewegewende water in ’n dorre land.

> *Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis*


---

[7] Matthéüs 7:6-11 (AOV)

*aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.*[8] *Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*[9]

Ewe skielik pak ’n onverklaarbare en byna onweerstaanbare verlange hom beet om meer te hoor van wat die Prediker besig is om te sê. Dit is asof die Waarheid self besig is om hom nader te roep, so aanloklik soos helder fonteinwater op ’n droë, stowwerige namiddag. Dit is amper sterker as sy verlange om van sy siekte genees te word. Hy wens meteens dat hy deel kon wees van die skare teen die heuwelhang. As hy maar net met die Prediker kon praat oor sy nuttelose lewe en die berou wat hy daaroor voel ...

Maar dit blyk dat die Prediker teen hierdie tyd sy boodskap reeds afgesluit het. Die dag het al ver gevorder en die son haas hom nou na die horison. Die skare is besig om uitmekaar te gaan. Asof oorkom deur die gesag van Sy woorde bly sommiges egter talm, hulle aanvanklike soeke na opwinding nou vergete, maar andere is reeds op pad na die nabygeleë Kapernaum. Bekende dorpsgeluide, voortgedra deur die soel lug van die laatmiddag, roep hulle terug na familie en vriende en na die warmte van hul huise. Die Prediker, vergesel deur ’n klein groepie van sy volgelinge, stap vooraan die terugkerende skare, amper soos ’n herder wat sy kudde teruglei kraal toe.



Met ’n gevoel van verlies buk die man onder die olyfboom af om sy karige besitings bymekaar te maak – ’n verslete sak met die oorblyfsels van ’n middagmaal wat ’n weldoener uit die skare hom vroeër die dag vanaf ’n veilige afstand aangebied het. Met die Prediker wat nou op pad terug is Kapernaum toe voel hy meteens verstote en verlate, soos ’n skaap wat in die wildernis agtergelaat is. Dit voel vir

---

[8] Matthéüs 7:24-27 (AOV)

[9] Matthéüs 7:13-14 (AOV)

hom asof hy besig is om veel meer as sy gesondheid en sy waardigheid te verloor.

Hy sal hom moet haas om ’n geskikte skuilplek vir die nag te vind, ’n ruigte waar hy die ergste dou kan vermy, of ’n beskutte plek tussen rotse wat beskerming kan bied teen die koue wind. Met hande inmekaargetrek soos arendskloue sukkel hy om sy sak behoorlike vasgevat te kry. As hy uiteindelik opkyk, merk hy dat die Prediker van die voetpad na Kapernaum afgewyk het en nou ’n kleiner paadjie volg wat Hom digby die olyfboom sal verbyneem. Die man word heeltemal onkant gevang. Hy besef dat hy op ’n afstand moet bly en die Prediker moet waarsku dat hy onrein is, maar hy kan die verskriklike woorde nie geuiter kry nie. Die Prediker is nou reeds so naby dat sy toestand baie duidelik waarneembaar moet wees.

Agterna kon hy nie werklik verklaar wat hom die ondenkbare laat doen het nie, maar hy begin om so vinnig as wat sy gevoellose, misvormde voete hom kan dra reguit na die Prediker te hardloop. Net voordat hy homself voor die Prediker neerwerp, word hy bewus van Sy oë – oë wat sy hele wese aanraak en spreek van ’n liefde en teerheid wat in staat is om al die probleme van die wêreld op te los, al die siektes, oorloë en pyn; ’n liefde en ontferming wat selfs sonde en die dood kan oorwin. Dié oë getuig van Lewe! Hy voel soos `n kind wat lank verlore was, maar uiteindelik weer tuisgekom het. In ’n oogwink word die gevoel van uiterste berou en wanhoop verplaas deur ’n gevoel van waardigheid en lofprysing. Met ’n skor stem prewel hy spontaan: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.” Hy is self verstom om te hoor wat hy sê, want hy het dit nie beplan nie; inteendeel, dit was asof iets spontaan uit sy binneste ontspring het, `n helder daad van geloof wat soos `n fontein opgewel het na bo.

Net vir ’n oomblik voel hy soos iemand wat bou, iemand wat op `n Rots bou; soos ’n arme van gees wat op die punt staan om deur ’n nou poort te gaan. Toe word hy bewus van die Prediker se hand op sy kop. Dit is vol liefde, en veel meer as die menslike aanraking waarna hy so verlang het.

“Ek wil. Word gesond!” Dit voel asof die tyd stilstaan, asof die natuur asem ophou voordat dit in `n loflied uitbreek om sy Skepper met nuwe ywer te prys. Hy voel meteens skoon, van binne en buite, en nog voordat hy na homself kan kyk, wéét hy dat hy genees is.

Die man staan op. Sy vel kyk heeltemal normaal en skoon! Die Skepper van hemel en aarde het sy verotte vlees herskep. Deur ’n enkele daad van medelye en deur ’n enkele bevel het Hy ’n nuwe vel, ’n nuwe neus, nuwe tone en lippe en ore gevorm. Die man is sonder gebrek. Sy sintuie se ontkenning van die skepping se uitnodiging tot rus vroeër die dag is opsygeskuif en hy kan nou met volle oorgawe saam met die ganse skepping juig. Elke weefsel in sy liggaam is besig om in spontane uitbundigheid die lof van die groot EK IS te verkondig.

’n Wonderwerk het plaasgevind! ’n Verkwiste lewe is weer herstel. Môre sal hy die priester gaan sien om rein verklaar te word en dan wag daar ’n kronkelpaadjie op hom na ’n klein dorpie iewers in die heuwels van Judea en ’n beskeie huisie vol liefde en warmte wat weer gevul gaan word met die vrolike klanke van mense wat lag.

# Epiloog

## Verlossing

Hierdie verhaal is gegrond op die Skrifgedeeltes in Matt 8:1-4, Markus 1:40-45 en Lukas 5:12-14. Dit is so kort dat dit maklik oor die hoof gesien kan word, maar dit bevat een van die heel mooiste boodskappe in die Bybel. Die Here se aanraking van die melaatse man en sy kort, eenvoudige antwoord spreek van soveel liefde, ontferming en genade dat dit amper te groot en verhewe raak vir die mens se begrip en emosies. Wanneer dit egter verder tot 'n mens deurdring dat hierdie handeling van Jesus in werklikheid maar net dit reflekteer waaroor die hele Bybel eintlik handel, naamlik 'n goddellike verhaal oor die mens wat in sonde verval het en verlossing wat aan die mensdom gebied word deur Jesus se dood op Golgota, 'n daad wat in der waarheid die wese van God reflekteer, dan word die wonder daarvan nog groter en nog meer onverstaanbaar.

Aan die een kant is hierdie verhaal van goddelike liefde heel eenvoudig. Dit is so ongekompliseerd dat dit deur enigeen verstaan kan word. Aan die ander kant neig die grootsheid van die oplossing wat dit bied tot die mens se dilemma egter om die menslike rede te oorskry sodat eenvoud in der waarheid verhef en veredel word deur die grootsheid van die oplossing en deur die verwondering wat dit ontlok.

Die verhaal begin met die heelal wat volmaak geskep is deur 'n heilige en liefdevolle God, 'n wêreld sonder dood, siekte of pyn. Dit vertel verder van die mens wat na die beeld van God geskape is, 'n volmaakte wese met 'n vrye wil, maar wat doelbewus teen God rebelleer. As gevolg van hierdie daad, het die mens 'n "melaatsheid," genaamd "sonde," opgedoen, wat tot liggaamlike en geestelike dood en tot 'n vyandiggesindheid teenoor God sou lei. As gevolg van die uiters aansteeklike aard van hierdie siekte sou al die mens se nageslagte nou gebore word met sonde en 'n onvolmaaktheid in hul gene, wat aanleiding sou gee tot 'n geneigdheid om dwarsdeur hul menslike bestaan te bly sondig. Die mens was dus geprogrameer om nie net homself nie, maar ook die omgewing, wat deur God onder sy beskerming en bestuur geplaas is, te vernietig. Deur teen God te rebelleer, het die mens die res van die skepping saam met hom na onder afgetrek en alles sodoende tot 'n onvolmaakte en verdorwe toestand verlaag. Die natuur sou voortaan oorheers word deur bloed en geweld, deur lyding, siekte en dood.

As ons kyk na die mens se ingebore geneigdheid tot korrupsie, wreedheid, oorlog, onderdrukking en geweld, waarvan die geskiedenis voldoende getuienis lewer, kom die boosheid en verdorwenheid van die menslike natuur baie duidelik na vore. Die mens is byvoorbeeld die enigste wese wat oor die vindingrykheid beskik om gesofistikeerde martelmetodes te ontwikkel ten einde sy medemens soveel pyn moontlik te kan toedien, beide liggaamlik en geestelik. Hy is ook die enigste wese wat in staat is om sy eie leefomgewing te besoedel en te vernietig deur die oorbenutting van natuurlike hulpbronne weens hebsug en eiebelang. Sedert die sondeval kon die mens glad nie daarin slaag om enige bydrae te maak tot die verbetering van sy eie verdorwe innerlike toestand nie. Hy kon ook nie daarin slaag om enige noemenswaardige vordering te maak met die verbetering van die wanordelike toestand van die samelewing waarin hy hom bevind nie. As ons vandag na die toestand van die wêreld rondom ons kyk, is dit baie duidelik dat die mens ook nooit in staat sal wees om enige sinvolle vordering in dié verband te maak nie.

Kyk ons na die natuur word die gevalle toestand daarvan baie duidelik geïllustreer deur wreedheid en pyn. Daar bestaan `n geneigdheid om die natuur te romantiseer, maar dink maar net aan die manier waarop ’n trop wilde honde reeds in die hardloop begin om hulle prooi lewendig te verslind, of aan die geweldige pyn wat die Australiese boksjellievis in staat is om enigeen met wie dit in aanraking kom, toe te dien. Ná die sondeval het die natuur teen die mens gedraai. Met ontblote tande bedreig ’n eens goedgesinde skepping nou voortdurend die bestaan van die mens deur middel van natuurrampe soos vloede, droogtes, aardbewings en vulkaniese uitbarstings. Maar ten spyte van wreedheid, rampe en pyn weerspieël die skepping nog steeds orde en skoonheid. Die komplekse onderlinge afhanklikheid van organismes in enige ekologiese stelsel spreek van goddelike orde, terwyl die uitbundige grasie waarmee ’n skool dolfyne deur die water klief of die broosheid van ’n fladderende skoenlappertjie in geen onduidelike terme die glorie van ’n Skepper verkondig wat nog steeds ’n gevalle natuur deur Sy oneindige genade in stand hou[10] totdat die tyd vir Hom aanbreek om dit in sy oorspronklike glorie, orde en skoonheid te herstel.[11]

Om terug te keer na die verhaal van die mens: in plaas daarvan om die mens sonder meer te verwerp en te verdoem, het God reeds van die begin af ’n reddingsplan in gereedheid gehad – ’n baie unieke plan wat deur die loop van die geskiedenis sou ontvou en wat sou kulmineer in ’n dood aan ’n kruis buite Jerusalem en ’n opstanding uit die graf drie dae later.

As die mens by magte was om ’n plan vir sy eie redding voor te stel, sou hy hom heelwaarskynlik bloot op God se genade beroep het. Hoekom kon Hy, as ’n genadige God, nie bloot sondaars hulle sondes vergewe nie? So ’n opsie sou egter ’n miskenning van God se ware karakter wees. As ’n almagtige en heilige wese is God ook ’n God van geregtigheid. By implikasie kan ons dus sê dat as daar nie geregtigheid is nie, God nie heilig en almagtig sou wees nie en dus nie ’n God sou wees wat aanbidding en bewondering afdwing nie, maar bloot ’n denkbeeldige wese wat deur die menslike verstand geskep is; ’n bonatuurlike wese ter bevrediging van die mens se selfsugtige giere en behoeftes, soos ’n god uit die Griekse mitologie met menslike passies en nukke wat self verdorwe is en dus nie in staat sou wees om die probleem van menslike verdorwenheid aan te spreek nie (Sien Bylae 2: “Ontwerpersgode”).

Aangesien God se geregtigheid ’n volkome vereffening van sondeskuld vereis, sal geen vergifnis van die mens se sonde moontlik wees voordat daar nie aan hierdie vereiste voldoen is nie. Aangesien die sondeval deur die toedoen van die mens plaasgevind het, word vereis dat hierdie skuld deur ’n mens vereffen word. Dit laat ons met ’n ernstige dilemma: ’n volkome betaling beteken ’n onbesmette en volmaakte vereffening, maar die mens se inherente korrupte toestand toon inderwaarheid dat daar geen manier bestaan waarop hy vir sy eie of iemand anders se kwytskelding kan betaal deur goeie dade te doen nie. Indien hy sou proog om vir sy eie sondes te betaal, sou hy eerder daarin slaag om homself stelselmatig te vergruis deur die gewig van sy eie sonde, aangesien hy hom in die proses aan net nog meer sondige dade skuldig sou maak om sodoende sy las verder te verswaar. Dit mag dus vir

[10] “He [Jesus Christ] is the sole expression of the glory of God [*the Light-being, the out-raying or radiance of the divine*], and He is the perfect imprint and very image of [*God's*] nature, upholding and maintaining and guiding and propelling the universe by His mighty word of power.” (Hebrews 1:3, Amplified Bible - AMP)

[11] Die Bybel praat van die herskepping van die heelal na die wederkoms van Jesus Christus: “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Petrus 3:13 OAV).

die menslike rede voorkom asof genade en geregtigheid sulke uiteenlopende begrippe is dat dit ’n skaakmatsituasie teweegbring in die mens se soeke na ’n oplossing vir sy dilemma. As “geen genade sonder geregtigheid” dus “geen vergifnis” veronderstel, kan die mens maar net so wel die gevolge van sonde en bedorwenheid aanvaar en homself berus by ’n ewige oordeel as sy lot. Aangesien geen vergifnis moontlik blyk te wees sonder geregtigheid nie, kan niemand God kwalik neem indien Hy sou besluit om die mens vir sy rebelsheid en vyandiggesindheid teenoor Hom te veroordeel en Sy oë en hart te sluit vir enige moontlikheid om die mens van sonde en die nagevolge daarvan te red nie. Hy het reeds voor die sondeval “voldoende” genade aan die mens bewys deur hom na Sy beeld te skape, deur hom in beheer van ’n volmaakte skepping te plaas en deur hom met liefde en deernis te oorlaai, net om toe te kyk hoe die mens sy vrye oordeel gebruik om dit alles te verwerp.

Gelukkig vir ons is God se gedagtes nie ons gedagtes, nie en is ons weë nie Sy weë nie [12], en aangesien Hy ’n God van genade is, was en is hierdie moontlikheid geensins `n oorweging vir Hom nie. In plaas daarvan het Hy genade en geregtigheid laat hande vat deur met ’n reddingsplan vorendag te kom wat die onmeetbaarheid van Sy liefde en genade weerspieël – ’n liefde en genade wat die menslike verstand te bowe gaan.[13] Hy het ’n oplossing vir die mens se penarie voorsien deur Sy Seun toe te laat om in menslike gestalte as ’n plaasvervanger vir ons sondes te sterf. Aangesien Hy sonder sonde was, kon Jesus Christus ’n volkome betaling vir ons sondes doen. Nadat Hy ons sondes aan die kruis gedra het, het Hy weer opgestaan, aangesien die dood geen houvas op Hom kon kry nie. Dit was ’n onweerlegbare bewys dat die mens se sonde op ’n volkome en volmaakte wyse vereffen is. Aangesien God die Vader, die Seun en die Heilige Gees één is, het God dit in ’n sekere sin op Homself geneem om net meer as tweeduisend jaar gelede die mensdom se sonde ten volle te vereffen deur ’n grusame dood aan ’n kruis net buite Jerusalem te sterf. Danksy hierdie volkome voldoening aan geregtigheid, kan genade nou vrylik op die mensdom uitgegiet word.

Aangesien God ’n God van liefde is, respekteer Hy elke persoon se individualiteit en vryheid van keuse. Hy sal dus nooit Sy reddingsplan op enige sondaar afdwing nie. Elke individu moet ’n persoonlike besluit neem om God se reddingsplan aan te neem, of dit te verwerp. Hierdie gratis geskenk word aanvaar deur bloot te glo[14] dat die plaasvervangende dood van Jesus aan die kruis

---

[12] “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9 AOV)

[13] “Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.” (Efésiërs 3:8-9) Wat die apostel Paulus hier sê is dat dit sy opregte wens is dat die gelowiges van Efese `n begrip mag kry van die ontsaglike grootheid van God se liefde soos uitgebeeld deur die plaasvervangende dood van Christus en dat hulle dit ook mag ervaar, maar dat hierdie liefde so onmeetbaar groot is dat dit net gedeeltelik begryp en waardeer kan word aangesien dit bo die mens se kennis en begrip is om die volle omvang daarvan te verstaan. Die volheid van God se liefde sal eers verstaan en ervaar kan word in die lewe hierna.

[14] “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.” (Romeine 1:16-17 AOV).

voldoende is ten einde vrygespreek te kan word. Dit is ’n basiese lewensbeginsel dat niemand ’n geskenk kan besit voordat hy dit aanvaar en in ontvangs geneem het nie. Aangesien die redding van die mensdom nie vereffen is in terme van wêreldse dinge soos silwer of goud nie, maar deur die bloed en lyding van Jesus Christus,[15] kan so ’n besluit nie ligtelik geneem word nie. Dit moet gedoen word met die nodige opregtheid, wat slegs kan voortspruit uit ’n intense begeerte om hierdie geskenk te ontvang, terwyl so ’n begeerte op sy beurt slegs sy oorsprong kan hê in ’n opregte berou oor die ontvanger se verdorweheid en oortredings teenoor God en sy of haar medemens. Die besluit om God se gratis geskenk te aanvaar of dit van die hand te wys, vereis ernstige oorweging, aangesien daar kostes ter spake is vir elke ware volgeling van Jesus Christus. Elke individu wat die belangrike besluit neem om Jesus Christus te volg, word egter geestelik wedergebore en ontvang die Heilige Gees as ’n inwonende gas om hom of haar in hierdie verband by te staan.

Alhoewel dit elke persoon se verantwoordelikheid is om sy of haar eie besluit te neem, kan niemand spog dat hy of sy verlossing ontvang het deur die regte besluit te neem nie. As ’n gratis geskenk van God word geregtigheid en verlossing slegs deur die genade van God en geloof in die algenoegsaamheid van hierdie gawe verkry. Die genade van God is genoeg; niks anders word vir die redding van ’n individu benodig nie – geen menslike werk, handeling, tradisie of ritueel, of selfs enige heilige sakrament nie. Selfs geloof moet nooit gesien word as `n werk waardeur ’n mens sy eie redding kan verdien of ’n bydrae daartoe kan maak nie. Die genade van God is allesoorheersend en selfs geloof moet gesien word as ’n goddelike gawe en deel van Sy genade. Enige toevoeging tot genade moet gesien word as ’n mosie van wantroue in die volslae genoegsaamheid van Jesus se plaasvervangende dood.

Hierdie wonderlike gawe van redding deur Jesus Christus is tot die beskikking van elke mens op aarde. Geen menslike daad of gedagte kan ooit so donker of verdorwe wees dat God nie bereid sal wees om dit te vergewe nie. Aangesien Hy ’n spontane begeerte in elke persoon se hart geplaas het om na Hom te soek en om die ewige lewe te verkry, is God se genade binne bereik van almal, selfs die lede van gemeenskappe wat nog nie die boodskap van redding wat deur die plaasvervangende dood van Jesus verkry word, ontvang het nie (sien Bylae 3: “Die Mens se Hunkering na God”). Al wat hulle moet doen is om gehoor te gee aan die verlange wat in hul harte geplaas is. In Sy liefde en genade sal God niemand ooit versaak wat na die waarheid smag nie, maar Hy sal Sy reddingsplan aan elkeen bekend maak wat waarlik daarna hunker om die betekenis van die lewe te ontdek en wat God versoek om Homself bekend te maak, ongeag so ‘n persoon se geloofsoortuiging of die kultuur waartoe hy behoort.[16]

---

“Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.” (Habakuk 2:4 AOV)

“En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.” (Galásiërs 3:11 AOV)

[15] “... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos …" (1 Petrus 1:18-19 AOV)

[16] “Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring. Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red.” (Psalm 50:23 – 1983) “He who brings an offering of praise and thanksgiving honors and glorifies Me; and he who

**************

Net soos Christus na benede gereik het om die melaatse aan te raak en hom te genees, het God na sondaars uitgereik deur Sy Seun in die gestalte van ’n mens na die aarde te stuur om die rol van ’n slaaf te vervul. In Sy menslike vorm het Hy die stofpaaie van Palestina bewandel. Hy was bekend met honger, pyn en dors. Hy was onderworpe aan versoekinge, maar Hy het nooit gesondig nie. Op die ou einde is Hy deur Sy eie mense verwerp, is Hy bespot, is daar op Hom gespuug, is Hy gegesel en ten slotte is Hy gekruisig.[17] Al hierdie lyding het Hy gewilliglik op Homself geneem ten einde ons van die “melaatsheid”, genaamd sonde, te genees. Die melaatse man het hom na Jesus gewend deur die laaste paar treë na Hom te hardloop. Net so moet elke mens besluit of hy die goddelike liefde wat ons aangebied word wil aanneem en in vreugde wil uitgaan, of om eerder die uitnodiging tot genesing te verwerp en om sy eie futiele oplossing te probeer vind vir die melaatse siekte genaamd sonde.

# Bylae 1

## Melaatsheid

Na aanleiding van ’n menslike skelet wat in 2009 naby Udaipar in noordwes-Indië opgegrawe is, kan die voorkoms van Hansen-siekte of melaatsheid na so lank gelede as 4000 VC teruggevoer word.[18] Daar word ook na melaatsheid in Indië verwys in die *Sushruta Samhita*, ’n Indiese geskrif wat uit ongeveer 600 VC dateer.[19] Die oudste geskrewe verwysing na Hansen-siekte verskyn egter na alle waarskynlikheid in ’n Egiptiese papirusdokument, bekend as die Ebers-papirus, wat uit die jaar 1550 VC dateer.[20] In hierdie dokument word melding gemaak van *ukhedu*, ’n siekte met simptome wat in ’n groot mate met dié van Hansen-siekte ooreenstem.[21] Vermelding van Hansen-siekte in ’n Sjinese bamboesboek vanuit die derde eeu VC bevestig dat dié siekte ook in die Verre Ooste voorgekom het.[22] Dit blyk asof melaatsheid ’n relatief beduidende voorkoms in

---

orders his way aright [*who prepares the way that I may show him*], to him I will demonstrate the salvation of God.” (Psalm 50:23 AMP).

[17]“Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was. Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: ‘Jesus Christus is Here!’ tot eer van God die Vader.” (Filippense 2:5-11 – 1983)

[18] Wade, 31 May 2009.

[19] Roberts and Manchester, 2010, p. 200

[20] MedicineNet.com, aanlyn.

[21] Harrison, 1986, aanlyn.

[22] Roberts and Manchester, 2010, p. 200. Sien ook Carmichael se verwysing (p195) na antieke Sjinese tekste wat in detail melaatsheid se vernietiging van die menslike gesig beskryf.

antieke Sjina, Indië[23] en Egipte gehad het.[24] Sommige kenners is egter van mening dat die inligting tot ons beskikking nie voldoende bewys lewer dat melaatsheid wel in antieke Egipte, Mesopotamië of Persië voorgekom het voordat Hansen-siekte na afloop van Aleksander die Grote se Indiese veldtog (327-326 VC) deur terugkerende soldate uit Indië na die oostelike Mediterreense gebied gebring is nie.[25] Hierdie gebeurtenis is waarskynlik die hoofrede vir Harrison se bewering dat Hansen-siekte sonder enige twyfel vanaf die vierde eeu VC ook in Palestina voorgekom het.[26] Daar bestaan egter wel onvoldoende argeologiese bewyse vir die voorkms van Hansen-siekte in die Nabye Ooste. `n Moontlike verklaring hiervoor is dat slagoffers van dié siekte gewoonlik in afsondering gesterf het en in die meeste gevalle nie na behore begrawe is nie.

Gedurende die antieke en klassieke tyd moes melaatsheid 'n skrikwekkende siekte gewees het, veral die ernstiger vorm daarvan wat vandag as lepromateuse melaatsheid bekend staan. Destyds was geneesmiddels vir dié siekte, wat die gesig, voete en hande van die lyer ernstig skend, glad nie beskikbaar nie. Om verskeie redes het daar gedurende hierdie tydperke 'n geweldige stigma aan die siekte gekleef.

Die simptome van melaatsheid wissel volgens die tipe melaatsheid wat ter sprake is, wat weer teruggevoer kan word na die mate van weerstand wat die besmette persoon teen die siekte het. Die aanvanklike simptome van lepromateuse melaatsheid bestaan gewoonlik uit die verskyning van rooierige of koperagtige vlekke, papelle, knoppe of ander letsels op die vel, meestal op die gesig, arms, bene en boude. Verdere vroeë tekens sluit in die verdikking van beide ore en van die gesigvel. Die neus swel op en verbreed terwyl wenkbroue en wimpers uitgedun raak. Namate die siekte vorder, verdiep die natuurlike lyne op die voorkop. Verder vind saalneusmisvorming plaas weens die verniegtiging van die neus se kraakbeen en stort die neus gevolglik ineen. Pynlose oop sere verskyn op die bene, terwyl 'n skubberigheid op die dye, arms en bene mag verskyn. Beskadiging van die senuwees lei tot gevoelloosheid wat in die hande en voete begin. Hierdie onvermoë om pyn te voel lei tot herhaaldelike beserings aan die hande en voete, met chroniese oop sere op die voetsole as 'n algemene probleem. Skade aan die motoriese senuwees lei tot verswakte spiere wat uiteidelik wegkwyn en verlam raak, met die gevolg dat voete en hande inmekaartrek en soos kloue lyk, wat dit moeilik maak om te loop en om voorwerpe met die hande te hanteer. As gevolg van die wegkwyning en absorbsie van vinger- en toonbene vind 'n verkorting en misvorming van die vingers en tone oor etlike jare plaas, soms in so 'n mate dat dit lyk asof die tone en vingers afgeval het. Hierdie misvorming word vererger deur die gevoelloosheid in die hande en voete, wat lei tot herhaaldelike beserings, infeksie en weefselverlies. Lepromateuse melaatsheid kan blindheid veroorsaak terwyl die aantasting van die strottehoof 'n growwe, hees stem tot gevolg het.

Kyk ons na die verwysings na melaatsheid in die Bybel, kom 'n paar interessante feite na vore: Eerstens is dit duidelik dat die Hebreeuse woord *tsâra'ath,* wat in die ou Afrikaanse vertaling met "melaatsheid" en in die 1983-vertaling met "velsiekte" vertaal is, as 'n kollektiewe of generiese term gebruik word, aangesien dit nie net na menslike siektetoestande verwys nie, maar ook na muf of meeldou aan klere en teen mure.[27] Let ons op die simptome van die "velsiektes" wat in

---

[23] Roberts and Manchester, 2010, p. 200

[24] MedicineNet.com, aanlyn.

[25] Dols, 1979.

[26] Harrison, 1986, aanlyn.

[27] Levitikus 13:47-59; Levitikus 14:44-55 (AOV)

Levitikus 13 genoem word, is daar onder andere simptome soos swelsels, ligte vlekke en “wilde” vlees of sere, wat versoenbaar is met die simptome van Hansen-siekte. Ander simptome, soos wit swelsels met wit hare word egter glad nie nie by Hansen-siekte aangetref nie. Dit is verder ook duidelik dat belangrike simptome soos die van meer gevorderde lepromateuse melaatsheid nie genoem word nie. Die mees logiese afleiding wat gemaak kan word, is dat die simptome in Levitikus 13 na `n verskeidenheid velsiektes verwys wat moontlik ook die aanvangsimptome van Hansen-siekte mag insluit. Verdere bekende verwysings na melaatsheid in die Ou Testament sluit in Moses se hand wat melaats geword het, soos “sneeu”[28] en ook Mirjam[29] en Gehasi[30] se melaatsheid wat soos sneeu was. In nie een van hierdie drie gevalle was Hansen-siekte ter sprake nie, aangesien melaatsheid nooit wit vertoon nie. Histories gesproke kan ’n mens aanvaar dat die Joodse volk moontlik wel gedurende die Ou Testamentiese tydperk, wat na die uittog uit Egipte gevolg het, vetroud was met ware melaatsheid of Hansen-siekte. Soos reeds vermeld, was melaatsheid ’n redelik bekende siekte in antieke Egipte, waar daar reeds so vroeg as 140 jaar voor die Joodse uittog in ’n papirusdokument daarna verwys is.

Beweeg ons na die Nuwe Testament, sien ons dat beide die ou vertaling en die 1983-vertaling die Griekse woorde *lepra* en *lepros* met onderskeidelik melaatsheid en melaatse vertaal. Nêrens in die Nuwe Testament word daar enige simptome vir *lepra* genoem nie. Histories gesproke verwys die *lepra* van die Nuwe Testament in die meeste gevalle heelwaarskynlik na Hansen-siekte. Dit is ’n aanvaarde feit dat Aleksander die Grote se terugkerende magte Hansen-siekte in 326 VC uit Indië na die Mediterreense gebied met hulle saamgebring het, en dit wil voorkom asof die siekte reeds teen die tweede eeu VC goed gevestig was in die Nabye Ooste en die hele oostelike Mediterreense gebied.[31] Hierdie feit word argeologies gestaaf deur vier skedels van Europese afkoms wat by die Dakhleh-oase in Egipte gevind is. Dié skedels, wat uit ongeveer 250 VC dateer, toon tekens van Hansen-siekte.[32] Verder moet ook in gedagte gehou word dat Galilea op ’n baie belangrike handelsroete tussen Egipte en Indië geleë was, wat die verspreiding van Hansen-siekte nog verder in die hand kon werk.

Ons lees dat Jesus “innig jammer” gevoel het vir die melaatse man na wie daar in hierdie verhaal verwys word.[33] Dit mag wees omdat sy voorkoms ernstig geskend was as gevolg van Hansen-siekte. Toe Johannes die Doper sy dissipels na Jesus gestuur het met die vraag of Hy die Een is wat sou kom en of hulle ’n ander een moes verwag, het Hy sy Messiasskap bevestig deur hulle daarop te wys dat Hy blindes laat sien, kreupeles laat loop, dowes laat hoor, melaatses genees en dooies opwek.[34] Kyk ons na die aard van die wonderwerke wat ter sprake is, is dit duidelik dat melaatsheid hier na ’n ernstige toestand soos Hansen-siekte, en nie na ‘n velkwaal nie, verwys. Die Jesus wat dus die verotte vlees en weefsel van Lasarus kon herskep nadat hy vier dae lank in die graf was en al begin ruik het, is dieselfde Jesus wat die verminkte gesig, hande en voete van iemand met Hansen-siekte kon herskep.

---

[28] Exodus 4:6 (AOV).

[29] Númeri 12:10 (AOV)

[30] 2 Konings 5:27

[31] Roberts en Manchester, 2010, p. 202

[32] Roberts en Manchester, 2010, p. 201

[33] Markus 1:41

[34] Matthéüs 11:2-6

# Bylae 2

## Ontwerpersgode

In vandag se postmoderne samelewing, waar relativisme dikwels die botoon voer, het die geneigdheid om jou eie godheid te skep `n aanvaarbare praktyk geword. Die tendens bestaan om self te besluit watter weg na saligheid jou sal pas en om jou eie metodes te vind om persoonlike vervulling te bereik en sin aan jou lewe te gee. Dit het dus mode geword om jou eie waarhede te skep. Brokkies en stukkies van verskeie godsdienste en filosofië word dikwels aanmekaargeflans ten einde individuele persoonlikhede en behoeftes te pas, en in die proses mag daar soveel godhede en waarhede geskep word as wat daar persoonlikhede mag wees. As ’n blote versinsel van die menslike verstand met al sy tekortkominge moet sulke “ontwerpersgode” egter gesien word as nonentiteite en onwaarhede. Hoe goed die bedoelings ook al mag wees wanneer iemand sy eie godheid skep, loop sulke pogings op niks uit nie. Aangesien die skepper hoër geag moet word as die skepsel, bring dit mee dat jy inderwaarheid as jou eie god gereken moet word omdat jy groter is as die ontwerpersgod wat jy in jou eie gedagtes geskep het en sal jy dus uitgelewer wees aan jou eie onvolmaakte en korrupte self.

In ons gevalle wêreld, bevlek met sonde, is dit duidelik dat daar teenoorgesteldes moet bestaan. Dit is ’n feit van die lewe en ’n realiteit in die natuur, en dit is duidelik waarneembaar vir enigeen wat die lewe met ’n oop gemoed benader. So bestaan daar siekte en pyn teenoor gesondheid en welstand, armoede teenoor rykdom, blydskap teenoor hartseer, waarheid teenoor valsheid, goedheid teenoor boosheid, lewe teenoor dood, hitte teenoor koue, lig teenoor duisternis en somer teenoor winter. Die teenoorgesteldes waarheid en valsheid bring mee dat daar slegs een uiterste waarheid kan bestaan, want as daar ’n veelvoud van uiterste waarhede bestaan wat deur individue in hul eie gedagtes geskep word, laat dit die deur oop vir onbeperkte relativisme met onbeperkte waarhede, wat sou meebring dat daar dus geen plek vir onwaarhede oorbly nie. Soos egter reeds gestel, bring die verdorwenheid van die skepping egter mee dat daar onwaarhede en onvolmaaktheid moet bestaan. Dit is verder ook nie moontlik om die uiterste waarheid met “ander vorme van waarhede” of onwaarhede te meng nie. Lig en duisternis kan nie met mekaar gemeng word nie, want dit sal slegs uitloop op ’n morbiede, halfduister wêreld wat van alle waarheid ontbloot en so goed as duisternis self is. Teen hierdie agtergrond is dit dus duidelik dat daar slegs een ware God en een ware weg na saligheid moet wees. Die plaasvervangende dood van Jesus Christus is die enigste weg na saligheid wat gratis aangebied word en wat nie enige goeie dade vereis ten einde jou eie saligheid te verdien nie. Enige sisteem wat afhanklik is van verdienstelike menslike dade bring daarmee saam ’n ondraagbare las van twyfel en onsekerheid, aangesien jy nooit sal weet of sulke bevlekte dade voldoende sal wees om jou saligheid te verdien of om selfs aan jou ’n “moontlike” volgende fase van geestelike ontwikkeling te besorg nie.

# Bylae 3

## Die mens se hunkering na God

God het die mens na Sy beeld geskape. Alhoewel hierdie beeld in groot mate deur die sondeval geskend is, veroorsaak dit wat behoue gebly het dat elke mens nog steeds ’n spontane hunkering het na God en na dinge met ewigheidswaarde. Die heilige Augustinus het die menslike siel se hunkering na God as volg uitgedruk: “U het ons vir Uself geskep, en ons hart kan nie stilte vind voordat dit in U tot ruste kom nie.” Hierdie spontane hunkering na God vind uiting in die doel waarvoor die mens geskape is. Die eerste vraag in die Kort Kategismus van die Westminster-belydenis stel dit as volg: “What is the chief end of man?” en die antwoord is: “Man’s chief end is to glorify God, and to enjoy him for ever.” Die lewe kry dus eers waarlik betekenis wanneer God verheerlik word en die skepsel homself in sy Skepper verheug of verlustig.[35]

Volgens koning Salomo het God die eeu of die ewigheid in die mens se hart vasgelê.[36] Die *Amplified Bible* beskryf hierdie gedagte besonder treffend: “He [God] has made everything beautiful in its time. He also has planted eternity in men's hearts and minds [a divinely implanted sense of a purpose working through the ages which nothing under the sun but God alone can satisfy], yet so that men cannot find out what God has done from the beginning to the end.”[37] Alhoewel God elke ding betekenisvol en mooi op sy eie tyd en plek gemaak het,[38] kan hierdie tydelike dinge nie die bewustheid van en hunkering na die ewigheid, wat deur die mens se Skepper in sy hart vasgelê is, bevredig nie. Dit kan nie aan die mens se geestelike honger na absolute goedheid, volmaakte wysheid, uiterste waarheid, eindelose liefde en die ewige lewe voldoen nie. Dit kan slegs dien as ’n heenwyse na God en na die ewigheid. Met verwysing na die vergelding van God teenoor die goddeloosheid van mense wat die waarheid onderdruk, verduidelik Romeine 1 die die mens se bewustheid van die bestaan van God op grond van Sy handewerk soos volg: “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie …”.[39] Psalm19 beaam die feit dat die majesteit van God se bestaan deur Sy skepping verkondig word: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle

---

[35] “...verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.” (Psalm 37:4 OAV)

[36] Prediker 3:11 (AOV)

[37] Ecclesiastes 3:11 (AMP)

[38] Prediker 3:11a (AOV)

[39] Romeine 1:18-20 (AOV)

stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld."[40]

Volgens Alexander Maclaren,'n bekende Britse prediker gedurende die negentiende en twintigste eeu, weet selfs die heiden instinktief dat hy nie volkome sal sterf nie, maar dat daar diep binne sy verganklike kleihuis, wat uiteindelik moet kraak, uitmekaarval en ontbind 'n onverganklike gas, 'n onsterflike persoonlike self woon. In die hart van elke mens woon die ewigheid. Ons as mense is die enigste wesens op hierdie aarde wat oor "die Ewigheid" kan dink en praat,want in elke menslike hart lê die gedagte opgesluit: – "vir altyd!"[41]

Die skoonheid van die mens se lewe op aarde kan slegs betekenis verkry as dit tot in die ewigheid verleng kan word. Aardse skoonheid kan daarom slegs in Christus Jesus waarlik mooi wees, aangesien die verlossing wat in Hom gevind word die begin van 'n ewige skoonheid is.

Maclaren het homself verder soos volg uitgedruk oor die mens se instinktiewe soeke na God en die ewigheid: "God het die ewigheid in jou hart geplaas. Nie alleen sal jy vir ewig lewe nie, maar jy sal ook in jou huidige lewe 'n bewustheid hê van daardie ewige en oneindige en algenoegsame Wese wat daar bo lewe. Jy het Hom nodig, en of jy dit weet of nie, jou gees, wat soos 'n rankplant wild wil groei en nie deur 'n sorgsame hand beskut en ingeperk wil word nie, is besig om sy lopers uit te stoot in die leë ruimte van die ewigheid ten einde God as stut of steun te kan vasgryp om daardeur die nodige vastigheid te kan vind en die nodige vrug te kan lewer."[42]

Volgens Joh 1:9 maak God Hom ook aan die mensdom bekend deur sy seun Jesus Christus, die ware lig wat *elke mens* verlig. God se genadeplan is dus tot die beskikking van elke individu wat na Sy beeld geskape is, ongeag in watter uithoek van die wêreld so 'n individu hom of haar mag bevind. Hy sal sy verlossingsplan deur Jesus Christus bekend maak aan elkeen wat in opregtheid daarna soek, ook aan dié aan wie die Evangelie van Christus nog nie verkondig is nie. Daarna moet elke individu kies of hy hierdie verlossingsplan wil aanvaar of verwerpte aanvaar al dan nie.

[40] Psalm19:2-5 (AOV)

[41] Maclaren, aanlyn, p. 290-1 (vertaal uit Engels)
42

[42] Maclaren, aanlyn, p. 292 (vertaal uit Engels)

# Bibliografie


Bryceson, Anthony & Pfaltzgraff, Roy E. (1980). **Leprosy**. 2nd ed. Edinburgh: Churchill Livingstone.

Carmichael, Ann G. *Leprosy (Hansen's Disease*). In: **The Cambridge Historical Dictionary of Disease,** edited by Kenneth F Kiple. 2003. Cambridge University Press, pp. 192-195

**Discover Magazine.** (Aanlyn). *Found: The earliest known leprosy patient*. http://blogs.discovermagazine.com/80beats/2009/05/27/found-the-earliest-known-leprosy-patient/ Toegang: 11/08/12

Dols, M.W. (1979). *Leprosy in medieval Arabic medicine.* **J. Hist. Med**. 34(3): 314-333, soos aangehaal in Roberts en Manchester, pp. 200-201.

Harrison, R. K. (1986). (Aanlyn). **International Standard Bible Encyclopedia.** Grand Rapids: Eerdmans. http://ldolphin.org/leprosy.html Toegang: 5/01/13

Jopling, W.H. (1971). **Handbook of Leprosy**. London: William Heinemann.

Maclaren, Alexander. (Aanlyn). **Expositions of Holy Scripture – Second Kings from Chapter VIII, and Chronicles, Ezra, and Nehemiah, Esther, Job, Proverbs, and Ecclesiastes**, Project Gutenberg, pdf-formaat.
http://s3.amazonaws.com/manybooks_pdf_new/maclarenaletext05exp2k10?AWSAccessKeyId=AKIAITZP2AAM27ZGISNQ&Expires=1320069058&Signature=FRHzppQNEXW5o2ru2xG9XHCoqtc%3D

**MedicineNet.com** (Aanlyn). *Leprosy (Hansen's Disease)*.
http://www.medicinenet.com/leprosy/article.htm Toegang: 11/08/12

**Medscape Reference.** (Aanlyn). *Leprosy.* http://emedicine.medscape.com/article/220455-overview Toegang: 11/08/12

**National Institute of Allergy and Infectious Diseases.** (Aanlyn). *Leprosy (Hansen's Disease).*
http://www.niaid.nih.gov/topics/leprosy/Understanding/Pages/history.aspx
Toegang: 08/12/2011

Roberts, Charlotte & Manchester, Keith. (2010). **The Archaeology of Disease**. 3rd ed. Gloucestershire: History Press.

Wade, Nicholas. (2009, May 31). (Aanlyn). *Indian Skeleton may solve the origin of leprosy*. **New York Times**. http://articles.sfgate.com/2009-05-31/news/17203402_1_leprosy-india-skeleton
Toegang: 11/08/12.